

**M**ET ingang van 19 Oktober 1987 het die Regering 'n stel voorwaardes neergelê vir die staatsubsidies wat die universiteite ontvang. Die verklaarde doelstelling daarvan is om te verseker dat studente en staf hul aktiwiteite ordelik en ononderbroke sal kan voortsit. Suid-Afrikaanse universiteite bevind hulle inderdaad toenemend in die politieke strydperk en protesvergaderings, klasboikotte, demonstrasies en konfrontasies met die polisie is op heelwat kampusse lank geen onbekende verskynsel meer nie.

Na alle waarskynlikheid sal die uitwerking van die staat se voorwaardes egter presies die teenoorgestelde wees: dit is daarop bereken om studente, universiteitsowerhede, die veiligheidsmagte en regeringsdepartemente in nog moeiliker konfliktsituasies te dompel. Die tradisionele "oop" universiteite sowel as die Universiteit van Wes-Kaapland het die voorwaardes dan ook as 'n flagrante inbreuk op hul outonomie verwerp. Die Universiteit van Natal is reeds besig om die regsgeldigheid van die voorwaardes in 'n hofgeding te bestry. Selfs die Raad van die Universiteit van Stellenbosch het aangedui dat dit ongelukkig is met die voorwaardes en dit by die Regering wil opneem.

Die basiese beswaar is dat die Regering die Universiteitsrade en administrasies deur middel van die voorwaardes wil dwing om as sy agent op te tree teenoor andersdenkende studente en personeel. Universiteitsrade sal selfs aan die Minister moet verslag doen oor hul voorkomende en dissiplinêre optredes in hierdie verband, en as dit volgens die oordeel van die Minister onvoldoende is, kan hy

## Regering se Intimidasië-Politiek Vererger die Universiteite se Dilemma

Dit was seker nie die Regering se bedoeling om letterlik in die dissiplinêre prosesse van die universiteite te wil ingryp deur subsidies te verminder nie. Waarskynlik is dit eerder as 'n soort dreigement bedoel om die universiteite sover te kry om "hul eie huis in orde te kry" — iets wat in heelwat kringe



At the top table of the "Introducing IDASA" luncheon were Paddy Clark, Dr. André du Toit (author of the article "Pro" Jack, Dr. F. van Zyl Slabber and Beverley February.

## Introducing IDASA to Business Sector

van veras  
sterk ste  
soort int  
'n totale  
en wese  
meenska  
versiteit  
en staf  
ononde  
dit kan r  
gedwing  
kan sleg  
van red  
trouens  
dosente  
wanneer  
tieke are  
deeldhe  
groter  
word  
hardhan  
bied hier  
maar l  
beduiwe